INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 4 3 | 9 8 0 9 0 7 2 5 0 | 8 | 8 9 8 8 |

DIE BURGER Jg. 83 Nr. P. 8 Dat. 7 SEP 1998

# 'n Slagoffer van grypsug

DIE Regering se besluit om op die grootste deel van Sasria se reserwes beslag te lê ten einde staatskuld te verminder, is vir sommige moontlik 'n vindingryke manier om een van Suid-Afrika se grootste ekonomiese knelpunte te verlig. Minder oppervlakkig gesien is dit duidelik 'n voorbeeld van die staat se grypsug, sogenaamd in belang van die breë gemeenskap. Nasionalisasie is nog lank nie dood en begrawe nie.

Die Regering voer aan dat Sasria nooit belasting betaal en nooit sy winste uitgekeer het nie, asook dat die staat as onderskrywer van dié korttermyn-versekeraar opgetree het omdat die private sektor dit weens die hoë risiko verbonde aan die versekering van skade teen politieke onrus dit nie self wou doen nie.

Volgens hom is Sasria se reserwes van R10 miljard gans te veel vir sy normale sakebedrywighede en die grootste deel daarvan – waarskynlik sowat R8 miljard – kan met groter vrug aangewend word om die staatskuld van R338 miljard te verminder.

Sasria voer tereg aan dié geld behoort aan polishouers en dat die Regering geen reg het om daarop beslag te lê nie. Hy het aangedui dat hy hom tot die howe gaan wend as hy nie die Regering tot ander insigte kan bring nie.

'n Mens kan wonder of Sasria se politieke dimensie nie ten grondslag aan alles lê nie. Sasria is deur die vorige regering in oorleg met die private korttermyn-versekeringsbedryf gestig met die primêre doelwit om die "verdrukkers" van destyds teen die optrede van die "verdruktes" te beskerm.

Gekoppel aan die feit dat Sasria vanweë die afname van skade weens politieke optrede aansienlik minder eise uitbetaal en volgens sommige nie meer 'n bestaansreg het nie, het hy 'n maklike teiken geword. Dit gee egter aan niemand – ook nie die staat nie – die reg om eenvoudig te vat wat hy wil hê nie.

TREFWOORDE

1. Redaksioneel
2. Regering Nas Eenheid
3. Belegging
4. Reserwes
5. Sasria
6. Betalings
7. Skulde
8. Nasionalisasie
9. 
10. 